WESSEL LEMMER, JERRY MARITZ en NICOLAAS VAN DER WATH



# Opbergingsektor wil hoër koste akkurater regverdig

Die produksieprysindek word gebruik om die styging in opbergingskoste van voorraad op JSE-silosertifikate te bereken. Dit weerspieël egter nie die ware styging in opbergingskoste nie.

Fabriekspryse het volgens Statistieke SA in Mei die hoogste vlakke in vyf jaar bereik met 'n styging van 7,4% op 'n jaargrondslag. Die koste van die hantering en opberging van graan kan dienooreenkomstig toeneem.

Faktore wat bygedra het tot die jaarliks inflasie, soos deur die produksieprysindek (PPI) gemeet, was die toename in die pryse van onder meer petroleum, voedselprodukte, masjinerie en rekenaartoerusting. Die pryse van dié goedere het gesamentlik met 17% toegeneem. Voedselinflasie het in Mei 7,3% beloop.

Die JSE gebruik die PPI om die styging in opbergingskoste vir voorraad op JSE-silosertikate te bereken. Die PPI meet pryse by die eerste betekenisvolle transaksie. 'n Verandering in die PPI kan aandui dat verbruikersinflasie kan verander.

Die PPI, verbruikersprysindeks (VPI) en opbergingskoste-indeks word in die TABEL vergelyk.

Die PPI is soos die VPI 'n uitsetkoste-indeks, terwyl die opbergingskoste-indeks 'n insetkoste-indeks is.

Waarom sou die opbergingsektor oorweeg om 'n indeks te ontwikkel as daar reeds ekonomiese aanwysers is wat inflasie aandui, soos die PPI?

- Die VPI en PPI weerspieël nie die werklike styging of daling in opbergingskoste nie. Die PPI kan oor 'n sekere tydperk aansienlik meer styg of daal as die werklike opbergingskoste.
- Die opbergingskoste-indeks kan vanjaar minder styg as die PPI wat die JSE gebruik. Tog voeg dit steeds waarde toe omdat dit 'n ware weergawe is van die koste in die opbergingsektor.
- 'n Indeks wat onafhanklik van die PPI 'n aanduiding gee van die styging in opbergingskoste, is uiters relevant omdat dit meer deursigtigheid vir die opberger en sy kliënte meebring.
- Met die ontwikkeling en gebruik van 'n insetkoste-indeks vir die opbergingsektor kry kliënte 'n verteenwoordigende syfer wat potensiële kostestygings bekend maak.
- Die indeks is net 'n aanduiding van stygings in opbergingskoste. Dit staan opbergers en die JSE steeds vry om na goeddunke dié koste aan te pas.

Dit bly 'n goeie ekonomiese beginsel vir 'n sektor om sy eie koste-indeks te hê. Die mandjie van koste-items wat vanjaar tot 'n styging van 7,4% in die PPI bygedra het (sien GRAFIEK), het min te doen met die mandjie van koste-items wat opbergingskoste bepaal.

Dit is onregverdig om opbergingskoste op die PPI te grond en dit só aan produsente deur te gee. Niemand, en veral nie produsente nie, wil kostestygings absorbeer wat op 'n indeks gegrond word met koste-items wat weinig te doen het met opbergingskoste.

Wanneer 'n opberger byvoorbeeld sy arbeid doeltreffender bestuur, of sy instandhoudingskoste verlaag, behoort die voordeel na die produsent deurgegee te word in die persentasie wat gebruik word om opbergingskoste jaarliks mee aan te pas.

Met die objektiewe bepaling van 'n opbergingskoste-indeks kan 'n opberger die stygings in sy opbergingskoste regverdig. Die koste is dus nie net 'n syfer wat uit die lug gegryp en jaarliks persentasiegewys op grond van die PPI aangepas word nie.

Met die ontwikkeling van 'n opbergingskoste-indeks onderskei die opbergingsektor homself van ander sektore en die klakkelose gebruik van ekonomiese aanwysers om jaarlikse kostestygings deur te gee wat nie met die koste van opberging geassosieer word nie.

Dit sal toenemend van ander sektore verwag word om ook hul eie indekse vir deursigtigheid te ontwikkel. Dit is die regte rigting wat Agbiz Grain inslaan om te demonstreer dat stygings in opbergingskoste deursigtig is en dat die korrekte kostestruktuur deurgegee word.

Die indeks stel opbergers en produsente in staat om 'n ingeligte gesprek te voer oor die jaarlikse stygings in opbergingskoste.

As die JSE ook die indeks gebruik, sal die jaarlikse styging in die JSE-opbergingskoste vir die hele mark duidelik wees. **LBW**

*Mnr. Wessel Lemmer is hoofbestuurder van Agbiz Grain, mnr. Jerry Maritz is voorsitter van Agbiz Grain en mnr. Nicolaas van der Wath is 'n ekonoom by die Buro vir Ekonomiese Ondersoek.*

BRONNE: Statistieke SA, Buro vir Ekonomiese Ondersoek, Agbiz Grain

**VERGELYKING VAN VPI, PPI EN OPBERGINGSKOSTE-INDEKS**

| Verbruikersprysindeks | Produksieprysindeks | Opbergingskoste-indeks |
|---|---|---|
| Het betrekking op verbruikers se lewenskoste | Het betrekking op firmas se produkpryse | Het betrekking op graan-opbergingsinsetkoste |
| Mandjie bestaan uit verbruikersgoedere en dienste | Mandjie bestaan slegs uit goedere (geen dienste nie) | Mandjie bestaan slegs uit spesifieke opbergingsinsetkoste-items soos arbeid, instandhouding, waardevermindering, elektrisiteit, ens. |
| Kapitaal en intermediêre goedere word uitgesluit | Kapitaal en intermediêre goedere word uitgesluit | Kapitaal word ingesluit (deur voorsiening vir waardevermindering en rente) |
| Pryse sluit BTW in | Pryse sluit BTW uit | Pryse sluit BTW uit |
| Rentekoerse word in berekening gebring | Rentekoerse word uitgesluit | Rentekoerse word ingesluit |
| Pryse van ingevoerde goedere word nie uitdruklik aangedui nie | Pryse van ingevoerde goedere word uitdruklik aangedui | Pryse van ingevoerde goedere het 'n indirekte impak (deur bv. toerusting en voertuie) |

**BRONNE:** MOHR EN FOURIE (2004) EN BURO VIR EKONOMIESE ONDERSOEK (2021).

**STYGING IN PRODUKSIEPRYSINDEK OP JAARGRONDSLAG**

